Publication: George Herald
Date: Thursday, January 28, 2021
Page: 20

# 'Ghost Squad' maak nie reg nie

**Ensliano Deyce, Pacaltdorp:**

[Ek] wil net iets deel met julle en hoor wat julle siening is rondom die "ghost squad".

Ek is onlangs met my Golf 6 Gti by Delville Park, Pacaltsdorp afgetrek. Terwyl ek aankom was daar nog 'n kar voor my en een langs my.

Die "ghost squad"-beamptes hardloop toe soos demone in die pad en tussen karre deur om my af te trek en ek moes rem trap anders het ek die een dame omgery. Ek trek toe af en vra haar wat as ek haar omgery het, sy antwoord: "Ons vat ma die kans, as jy ons omry dan ry jy ons om." Haar naam is Y. Du Toit van Vredenburg.

Terwyl ek met haar praat, ruk 'n ander mansbeampte die passasiersdeur oop en haal my *disc* uit.

Ek vra hom wat hy in my voertuig maak, hy vra nie eers nie en het geen respek vir my kind wat saam met my in die kar is nie. Ek klim toe uit, baie woedend, en wou hom te na kom oor sy optrede want niemand het hom die reg gegee om sommer my kar oop te ruk nie. Wie weet of hy dalk Covid het en sommer hier naby my kind is.

Dit is toe dat ons plaaslike beamptes na my toe kom en my laat bedaar en soos normale *traffics* kom praat.

Dit is toe ek rustig raak. Ek het Du Toit gesê dat ek die voertuig sowat 'n maand gelede gekoop het en wag nog vir my nuwe registrasiedokumente ens.

Ek was twee dae tevore ook afgetrek deur die hoof van provinsiale verkeer in George en ek het aan hom ook verduidelik die rede hoekom daar geen nommerplate op my voertuig is nie en hy het 100% verstaan en die details gevat, en my soos 'n mens behandel.

Die "ghost squad" het geen maniere hoe om met mense te praat nie, en kom maak dit moeilik vir ons plaaslike goeie *traffics* wat agter bly as hulle weer terugkeer waarvandaan hulle kom.

Die "ghost squad" is glo hier vir Thembalethu se taxi's, maar hulle kom staan in Pacaltsdorp en *target* die mense. Hoekom gaan staan hulle dan nie in Thembalethu nie. Karre wat geen *crime* veroorsaak wil hulle aftrek.

**Jandré Bakker, kommunikasiehoof van die departement van vervoer en openbare werke antwoord:**

*Ongemerkte voertuie is deel van die vloot van die departement van vervoer en openbare werke se verkeerswetstoepassingseenheid (ook bekend as provinsiale verkeer). Hierdie ongemerkte voertuie (die sogenaamde "ghost squad") word ontplooi soos benodig.*

*Voertuie sonder nommerplate word gereeld in misdade gebruik en daarom is daar 'n fokus op sulke motors. Gebaseer op die inligting tot ons beskikking het die beamptes binne die raamwerk van wetgewing opgetree om die motor se gebruik op te skort wat sal verseker dat die bestuurder aksie sal neem ten einde te voldoen aan die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet.*

*Indien die voertuig wel geregistreer was en nommerplate gehad het, sou daar waarskynlik geen ander rede as lukrake identifisering deur die beampte gewees het om die voertuig af te trek nie. Hoewel die span vir die aanspreek van 'n spesifieke probleem ontplooi is, sou dit nalatig van ons beamptes gewees het om ander oortredings te ignoreer.*

*Ons herinner die lesers ook daaraan dat die verhindering van 'n gemagtigde wetstoepasser om hul taak uit te voer 'n oortreding is waarvoor hul gearresteer kan word.*

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.